Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

14 Augustus 2026 Uitgawe: 4/3/2026

# UIT DIE KANTOOR

Ons is dankbaar die koue van vroeër die week het gewyk met ‘n heerlike warmer naweek wat voorlê. Die weervooruitsigte vir volgende naweek se Wesgrow-hokkieliga en Tjokkie Hokkietoernooi lyk ook baie goed.
Die Wesgrow-kompetisie vind op Vrydag, 21 Augustus vir die eerste keer plaas as ‘n ***vriendskaplike proeflopie*** by die gronde van die Universiteit. Vanjaar sal slegs die o/13A spanne van die seuns en dogters betrokke wees.

Op Saterdag, 22 Augustus vind die Tjokkie Hokkiedag plaas. Soos u weet is dit vir Tjokkies ’n groot hoogtepunt op ons jaarkalender en gebruik ons dit ook as ’n groot bemarkingsgeleentheid. In dieselfde asem probeer ons hierdeur ook geleentheid skep vir elke hokkiespeler om op hierdie dag in haar/sy Tjokkieklere ons naam hoog te hou.

**7’s rugbytoernooi**
Verlede naweek het Tjokkies ook ‘n baie suksesvolle 7’s Rugbytoernooi aangebied. Die addisionele sportveld het dit moontlik gemaak dat ons ook hierdie nuwe toevoeging op ons jaarkalender kon deurvoer. Met die nuwe spreiligte wat opgerig word, word beplan om die toernooi in 2027 nog verder uit te brei.
Dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die velde. Baie geluk aan Tjokkies se o/12-span wat die silwer medalje verower het.

**Kunswedstryd:**
Baie geluk aan elke leerder wat Tjokkies gaan verteenwoordig het by vanjaar se Kunswedstryd. Ons kore en musiekleerders het pragtige punte behaal waarop ons baie trots is. ’n Groot woord van dank aan juff. Hanlie Dippenaar, Marietjie Langenhoven en Jo-Retha Rossouw wat uitstekende werk gedoen het om ons kinders voor te berei vir hierdie optredes.

Ons sien ook baie uit na ons Musiekaande wat 16 & 17 September plaasvind waar ons kinders weer die geleenthed gaan kry om hul talente ten toon te stel.

# ANDER

**Personeelsake**


Juf. Sulene Venter (Gr. 1) en Juf. Sue-Ann Louw (Gr. 2) is vanaf Maandag, 17 Augustus met kraamverlof. Ons wens hierdie twee "nuwe" mammas alle vorspoed toe en sien uit na die nuwe piekvoetjies wat binnekort deel van die Tjokkie-familie gaan word.

Juf. Veruscka Hart sal in die plek van juf. Sue-Ann kom aflos, terwyl 'n ou bekende gesig, juf. Himke Steenkamp in die plek van juf. Sulene kom instaan.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 17 Aug.: | Tennisliga vs OMS (d) & Grey (s) |
| | Hokkieliga vs Saints (s) |
| 19 Aug.: | Rivista kompetisie (Pom-poms & Revue) |
| 20 Aug.: | Veiligheidsvergadering |
| 21 Aug.: | Wesgrow Hokkieliga |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 20 Aug.: | Mev. Liezl Boshoff (Sekretaresse) |
| 23 Aug.: | Juf. Lianza Grobler (RO) |
| | Juf. Celetia le Grange (Gr. 6) |

# MAMMAS WAT BID

**Soete Genade**

**GALASIËRS 6:18 NLV**

[18] Broers en susters, mag die genade van ons Here Jesus Christus met julle gees wees. Amen.

Hierdie groot onverdiende geskenk; Genade is vir ons soos 'n rooi tapyt uitgerol omdat ons met Christus verbind is. Nie net is genade die posisie waarin ons staan nie ("Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan." Romeine 5:2), maar dit help ons prakties elke dag om 'n lewe te leef wat God eer.

Elke sonsopkoms gee vars genade vir die dag. Ons het vrylik deur Jesus genade ontvang. Kom ons gebruik dit met vrymoedigheid. En deel dit mildelik uit waar ons kan!

# SNUFFELS




KRUIS KIDZ
BIED AAN:
FLIEKAAND
KARNAVALSPELETJIES
VOOR DIE TYD!
VRYDAG 21 AUGUSTUS
KARNAVALSPELETJIES
BEGIN OM
17:30
FLIEK
BEGIN OM
18:30
ONS KYK:
The Lion King 1½
R80
PER PERSOON
KAARTJIES BESKIKBAAR OP QUICKET
JOU KAARTJIE SLUIT IN:
WORS-BROODJIE
SPRINGMIELIES
KOELDRANK
OOK TE KOOP:
SPOOKASEM
SLUSH PUPPIES
DIE HELE GESIN IS WELKOM!
Lewende Woord Bloem